

Nuus: Parsaanleg ‘groot hupstoot vir boere’

Deur **MARLEEN SMITH**

Die nuwe oliesaad-parsaanleg wat die landboumaatskappy Senwes en die internasionale landbou-en-voedselreus Bunge beoog, kan Suid-Afrika se plaaslike parsvermoë ’n aansienlike hupstoot gee.

Die beoogde aanleg sal die vermoë hê om die land se bestaande binnelandse sojaboon-parsvermoë vir olie en oliekoek meer as te verdubbel.

Die twee ondernemings, wat verlede jaar ’n samewerkingsooreenkoms gesluit het, het aangekondig hulle ondersoek die moontlikheid om ’n parsaanleg op te rig wat 660 000 ton per jaar (2 000 ton per dag) sal kan pars. Dié kapasiteit sal tot 3 000 ton per dag verhoog kan word. Dit sal verkieslik naby die oliesaadproduksiegebied, klante en verwerkingsgeriewe geleë wees, lui ’n verklaring.

Mnr. Pieter Esterhuizen van Senwes het by navraag bevestig dat die beoogde aanleg sonneblomsaad én sojabone sal kan pars, na gelang van die behoefte. Dit sal nie ’n volvet-aanleg wees nie, maar een wat oliekoek en olie produseer.

Die Nasionale Landboubemarkingsraad (NLBR) het verlede jaar in ’n studie bevind dat Suid-Afrika se bestaande sojaboon-parsvermoë vir olie en oliekoek (as volvet-aanlegte buite rekening gelaat word) 484 000 ton per jaar beloop.

Dit verteenwoordig sowat 70% van die sojabone wat Suid-Afrikaanse boere verlede jaar geproduseer het, naamlik 710 000 ton op 418 000 ha.

Daarby voer Suid-Afrika gemiddeld 90% van die oliekoek in wat hy plaaslik in die veevoerbedryf verbruik, hoofsaaklik vanaf Argentinië.

As die beoogde nuwe aanleg dus ’n werklikheid word, kan dit miljoene tonne se invoervervanging beteken. Mnr. Francois Strydom, besturende direkteur van Senwes, het bevestig die projek sal sterk op die plaaslike verkryging van oliesade fokus.

Daarby kan dié soort uitbreiding in die plaaslike parsvermoë groot winsdruk van die mieliebedryf afhaal as mielie-hektare met veral sojaboon-hektare vervang word.

Sojaboon-aanplantings het die afgelope drie jaar meer as verdubbel, grootliks danksy die aansienlike verhogings in mielie-opbrengste wat deur die stikstof-bindende sojabone in ’n wisselboustelsel verseker word.

Esterhuizen sê die gevorderde fase van die lewensvatbaarheid-studie het pas begin.

Landbouweekblad: 2 Maart 2012 - Bladsy 72